NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 17
7 Mei 2026

## Sy het 'n naam en sy máák sáák

**Daar is ongeveer 600 vroue in die Bybel wie se name ons nie ken nie, maar ons lees hul verhale in bykans elke boek van die Ou en die Nuwe Testament. Al ken ons nie hul name nie, is hul storielyne steeds belangrik. Eerstens word hulle as vroue genoem in die geskiedenis van die Bybelverhale, en tweedens het hul optredes en aksies verskeie rimpeleffekte gehad, wat gelei het tot 'n beter verstaan van wie God is. Hulle was naamloos maar nie stemloos nie.**

Dit is natuurlik maklik om elkeen van hierdie vroue mis te kyk, haar dalk gering te ag, of net die eenvoud van haar storie raak te lees. Haar verhaal maak egter saak, want sý maak saak – in haar gesin, haar familie, en die samelewing van die Bybelse tyd.

Wanneer ons hierdie vroue in die Bybel miskyk, is ons lewens armer – almal besef dit egter nie met die eerste aanhoor van dié verhale nie. Dit laat ons besef dat ons vandag nog so baie vroue en ma's se stories miskyk, gering ag, of selfs verby dit kyk of lees.

Moedersdag gee ons die geleentheid om die ma's en oumas, pleegma's en pleegoumas se stories te vier en oor te vertel! Vroue wat vir hul gesinne opstaan, wat hulle elke dag fisies versorg, help en liefhet.

Moedersdag gee ons ook die geleentheid om die ma's in ons lewens wat opstaan vir menswaardigheid, billikheid en geregtigheid te vier – die vroue wat hul plekke inneem in ons lewens, hulself laat geld, en hul families en hul roeping in die samelewing uitleef.

Noag se vrou was naamloos maar nie sorgeloos nie. Moederskap en voortbestaan was deel van haar verhaal. Sy het Noag ondersteun en het as moeder van 'n nuwe generasie ná die sondvloed 'n belangrike rol gespeel in die voortsetting van die mensdom – 'n onbekende moeder en heldin.

Die Sunemmitiese vrou van 2 Konings 4 was naamloos maar nie nutteloos nie – haar gasvryheid het gesorg dat Elisa 'n dak oor sy kop en kos gehad het ná lang reise. Sy wou egter nie erkenning van die koning gehad het vir haar goeie dade nie. Sy was kinderloos, en Elisa maak aan haar 'n belofte dat sy 'n seun sou hê, en sy word geseën met moederskap.

Terwyl Jesus praat, het 'n vrou in die skare uitgeroep: *Gelukkig is die moederskoot wat U gedra het …* (Luk 11: 27, AFR2020). 'n Naamlose vrou in die skare, maar sy was nie verwagtingloos nie. Haar uitroep was 'n verwagting van 'n familie en moederskap wat haar na aan die hart gelê het.

Dan staan ons stil by Jesus se antwoord aan haar: *Ja, maar waarlik gelukkig is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou* (Luk 11: 28, AFR2020). Dit laat ons dieper dink oor God en die boodskap wat Hy bring, en hoe ons as ma's hierdie boodskap moet uitleef en ons lewens daarvolgens moet inrig.

Om 'n ma genoem te word, gee aan jou 'n naam en jy máák sáák. Om kinders te hê, plaas die wêreld in 'n nuwe perspektief. Moederskap word beskou as 'n heilige roeping van God, 'n spesiale opdrag waar moeders die liefde, genade en wysheid van God in hul kinders se lewens vaslê. Mag Moedersdag ons daaraan herinner om elke dag hierdie bydrae en opoffering van ons ma-figure te vier en te erken!

**Mev Mari-lizé Beukes**
**(Voorsitter: NHSV Hoofbestuur)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed



Mev Anne en
prof Jan Barkhuhizen

- **Mev Anne Barkhuizen**, eggenote van prof Jan Barkhuhizen (emeritus), het verlede week 'n rugoperasie ondergaan nadat sy haar stuitjie tydens 'n val gebreek het en werwels in haar laerug beseer het. Ons bid vir haar 'n spoedige herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Mei. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Saterdag 9 Mei: Ds L (Leon) Geel (sr) (Midstream)
  - Sondag 10 Mei: Di FH (Frans) Ras (Nigel), en GJW (Gert) van der Merwe (emeritus)
  - Maandag 11 Mei: Dr JC (Christo) van der Merwe (emeritus/Middelburg-Noord), ds G (Guilliaume) Rocher (Balfour/Heidelberg)
  - Woensdag 13 Mei: Drr GC (Gerhard) Lindeque (Makarios/BSA), en JJ (Koos) Prinsloo (emeritus)
  - Donderdag 14 Mei: Di WJJ (Willem) Kok (emeritus/Potchefstroom), en PJ (Pieter) Uys (emeritus)

## Werkgeleenthede

- **Werkruimte vir deelsorgbediening: Gemeente Wonderboompoort**

  Gemeente Wonderboompoort is geleë in Eloffsdal, Pretoria, en beskik oor 'n vakante deelsorgbedieningposisie wat nie aan 'n ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante en proponente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

  Die gemeente het 148 belydende lidmate en 12 dooplidmate. Die meerderheid van die lidmate is tussen die ouderdomme van 59 tot 94 jaar.

  - **Vereiste**

  Ons is op soek na 'n dinamiese en roepinggedrewe persoon wat met 'n passie in 'n gemeente wil dien. Die gemeente is toegewyd aan die erediens en die verkondiging van die woord van God. Die posisie is ideaal vir iemand wat 'n lewende verhouding met Jesus Christus en 'n liefde vir mense het. Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid in ooreenstemming met ons geloofsbeginsels is 'n vereiste.

  Verantwoordelikhede sluit in bedieningswerk soos uiteengesit in die Kerkorde van die NHKA (preekbeurte en eredienste), pastorale sorg en besoeke soos benodig, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is belangrik.

  - **Kerkgebou en pastorie**

  Gemeente Wonderboompoort beskik oor 'n kerkgebou en saal en is geleë te Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria. Daar is nie 'n pastorie beskikbaar nie. Die SP Engelbrecht-museum is op die perseel geleë.

  - **Vergoeding**

  Die gemeente kan die predikant vergoed met 'n totale pakket van R480 000.00 per jaar (onderhandelbaar) plus 'n jaarlikse vakansietoelae van R40 000.00. Behuising- en voertuigtoelae asook 'n datapakket is ingelsuit.

  - **Leraarsprofiel**

  Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik. Die Etiese Kode van die Kerk moet streng nagevolg word. Teologiese opleiding en ondervinding in gemeentebediening geniet voorkeur.

- ○ **Aansoeke**

Sou u belangstel, stuur u CV (met VBO-krediete), ’n kort geloofsgetuienis en verwysings na die SGB-verteenwoordiger en -fasiliteerder, dr Hannes Janse van Rensburg (**hannessgb@nhk.co.za**). **Aansoeke sluit 1 Junie.** Diensaanvaarding sal wedersyds onderhandel word.

Die kerkraad behou die reg voor om ’n kortlys saam te stel vanuit die aansoeke wat ontvang is en is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en het ook die keuse om ’n predikant van sy keuse te beroep. Aansoekers sal verwittig word wanneer die beroep uitgebring word.

## Vergaderings

- Vrydag 8 Mei — Moderamen
- Vrydag 15 Mei — Raad van Finansies

## Kerklike en ander publikasies


NHKA | Die Hervormer

Kerkwees en oorlog

- In die **Mei 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** deel **dr Christo Pretorius** ons mee oor die Kerk se siening en houding teenoor oorlog. Hy verskaf voorbeelde uit preke en plasings in *Die Hervormer* oor die jare. Hy sluit sy skrywe af deur ons te herinner dat die Woord van God wat in die Heilige Skrif na ons kom, ons verseker dat Jesus Christus deur sy kruis en opstanding, hoop en sin gee in ’n gefragmenteerde, verskeurde wêreld. **Ds David Barnard** sluit in sy redakteursbrief aan by die skrywe van Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) aan gemeentes en ringe rakende die ringsvergaderings van 2026. Hy herinner die lesers aan die Kommissie se versoek dat daar indringend, positief en opbouend met mekaar gesprek gevoer sal word oor die Kerk en die werk van die Kerk in die wêreld. **Dr Gerhard Lindeque** gee die leser insig oor die afgelope nege jaar van sy lewe waartydens hy deel van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika was. Hy deel met die lesers die vreugde en dankbaarheid van kinders en volwassenes wat vir die eerste keer ’n eie Bybel in hul moedertaal ontvang. Die **middelblad** word gewy aan **ds Rue Hopley** en haar ervaring as inwoner van een van Echo Jeugontwikkeling se kommunes in Villieria. Sy gee die leser insig in hul lewe en ook die belangrikheid van gemeenskap. Sy verduidelik hoe gemeenskap en gemeente nie werklik geskei kan word nie. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** is ook beskikbaar.



Die Christelike Vrou

April 2026

Die goue fluistering van God se seisoene

- In die **April 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** beskryf die redaksionele artikel *Die goue fluistering van God se seisoene.* **Mev Mari-lizé Beukes,** voorsitter NHSV Hoofbestuur, skyn die kollig op die Nasionale NHSV Kongres se hoofspreker, Yolande Britnell-Steyn, met haar bekende sosiale media blog *Sit aan die ketel*. **Rozelda Nel,** NHSV kantoor, vertel ons meer van ons eerste kunstenaar by die NHSV Kongres, Jak de Priester. **Ds Elsie Pretorius,** emeritus, deel met ons die boekresensie van *Die Vroue*. **Ds Hannelie Botha,** redakteur, bespreek die werking van die *Theremin Musiekinstrument*. **Tessa Oppermann,** Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke aan in deel 5 van haar reeks *Praktiese Afrikaans: Kostelike flaters!* Volg die skakel na ons NHSV publikasies ***hier***.

## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Nicole Mac Lachlan**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## ’n Gedig

**Die moeder**

Die vreemde oorsprong van jou lewe het
soos lig deur ’n kristal deur my gevloei
in al die maande toe ek één was met
die stil geheim van jou verborge groei.

En nou kan niks ons skei nie – want is jy nie
afhanklik en gebonde aan my bloed
wat met sy onbegryplike chemié
jou wonderlik gevorm het en gevoed?

En of dié uur ver en vergete word,
en of die jare tussen jou en my
hul seile span, die see sy golwe stort,
of selfs die Dood sy somber baken steek,
nogtans sal jy aan my gebonde bly
met die onsigb’re naelstring wat nie breek.

**Elisabeth Eybers**
(Uit: *Die stil avontuur*, 1939)

## Fondsinsamelings en Kerksake




- Die Kerkraad van **Gemeente Benoryn** (Benoni) nooi hiermee alle voormalige predikante, lidmate en belangstellendes hartlik uit om die gemeente se **85ste bestaansjaar** saam te vier. Die viering vind op **24 Mei 2026** plaas met ’n erediens om **09:00**. Na afloop van die erediens sal daar as gemeente saam geëet word. U word vriendelik uitgenooi om ook aan hierdie geleentheid deel te neem. **Vir verdere navrae of om u bywoning te bevestig**, kontak asseblief vir **Corné by 083 391 1368**.

- Kom neem deel aan **Gemeente Meyerton-Suid** se **potjiekoskompetisie** op **30 Mei vanaf 10:00 tot 16:00** op die kerkterrein. Inskrywings beloop R100 per span van vier persone. Die potjie sal aan hierdie fondsinsamelingprojek geskenk word. As jy nie aan die kompetisie deelneem nie, is **etekaartjies beskikbaar teen R50 per potjie**. Jy kan gerus ook solank jou span inskryf vir die **boeresport**. Inskrywingsfooi is R100 per span. **Kontak gerus vir ds Chantelle Maree by 064 755 0172.**

- **Gemeente Welkom se Wildsfees 2026** vind op **5 Junie** vanaf 17:00 tot 20:00 plaas. Kom smul saam aan heerlike voorgeregte soos wildspastei of wildsvleissosaties, hoofgeregte van

wilds- of skaapvleis met sjokolade-brandrissiesous, kersiesous of rooiwynsous en bykosse. Natuurlik is daar nagereg op die spyskaart in die vorm van Jan Ellispoeding met vla. **Goeie kos, goeie wyn, goeie vriende – dis 'n fees!** Kostes beloop R200 per persoon en R80 vir kinders onder 12. **Kontak ds Anel Boshoff** by **antjieels8@gmail.com** vir besprekings.

- Kom speel gholf saam met **Gemeente Welkom**. Hul **gholfdag** vind op **11 Julie** by Brand Mashie Gholfklub plaas. Afslaantye is 08:00 vir 08:30 of 12:00 vir 12:30. Kostes beloop R250 per persoon. **Kontakpersone:** Tristan (063 903 1152), Donna (082 339 0939), ds Anel (082 299 2044) of Karin (072 555 5667).

- **Ons hoor graag van geleenthede by gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede van die fondsinsamelingfunksie, basaar of viering na: **taal@nhk.co.za**.




## SP Engelbrecht-museum

- Lidmate word vriendelik **uitgenooi om** ons kerkmuseum, die SP Engelbrecht-museum **te kom besoek.** Die museum is geleë op die gronde van Gemeente Wonderboompoort te Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria. Kontak asseblief vir ds Johan de Bruin (**careljohann@gmail.com** of 082 733 3951) om u besoek te bespreek.

## Toerusting




- **VTT: 2026 Blymoedig kerkwees – Verbeelding en Innovasie**
  Dit is vir die HTK 'n voorreg om ander dosente te nooi om saam te gesels by hierdie geleenthede. Ons sien uit om saam met u te kuier en te droom oor die bediening in u eie gemeente.

| Streeksindeling 2026 VTT | | |
|---|---|---|
| **Streek** | **Ringe** | **Datum<br>Plek van VTT** |
| Gauteng Pretoria | Pretoria, Magalies, Pretoria-Wes, Krokodilrivier | 26 en 27 Mei<br>Gemeente Montana |
| Gauteng Johannesburg | Johannesburg, Oos Rand, Zuurfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging Kollegas wat PTA VTT nie kon bywoon nie | 2 en 3 Junie<br>Gemeente Zuurfontein |
| Oos Kaap | Oos-Kaapland | Datum sal bevestig word |
| Noordelike Bosveld | Noordelike Bosveld, Laeveld | 2 Junie<br>Gemeente Ellisras saam met Ringsvergadering |

| | | |
|---|---|---|
| Natal | Pietermaritzburg, Noordelike Natal | Datum sal bevestig word |
| Mpumalanga | Middelburg, Hoëveld, Chrissiesmeer, Bronkhorstspruit | 11 en 12 Augustus<br>Genesaret by Chrissiesmeer |
| Noordwes | Potchefstroom, Klerksdorp, Maquassi, Vrystaat, Noord Kaapland, Rustenburg, Zeerust, Losberg | 18 en 19 Augustus<br>Venterskroon Kampterrein |
| Kaap | Wes-Kaapland en Swellendam | 6 tot 9 September<br>Gemeente Swellendam saam met Ringsvergadering |
| Namibië | Dorsland | 23 tot 26 Augustus<br>Gemeente Namibkus |




## Jeug- en studentesake




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.






## Gebed vir die week

Liewe Jesus,
dankie vir die seën van my huis en familie.
Help my om hulle met liefde, wysheid en krag te koester.
Mag my huis ’n hawe van u liefde wees,
’n plek waar my familie gekoester en gesien voel.
Amen.

https://www.bible.com/reading-plans/
47465-moederskap-vol-genade-43-dae-van-bemoedigin/day/24

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger